

OPNAME OOR LANDBOUSAKE- INNOVERING 2019-2021



Vir 'n meer innoverende Suid-Afrika

*BOERDERY, BOSBOU EN DIE VISSERSBEDRYF INGESLUIT



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



HSRC
Human Sciences
Research Council



stats sa

Department:
Statistics South Africa
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



“Innovering is om iets nuuts en anders te doen en dit daarbuite te kry. Innovasie is beide nuwe dinge en hoe 'n mens nuwe dinge doen. Innovasie is wat Suid-Afrika broodnodig het. Nou.”¹

Professor Michael Kahn

¹ '2020 State of Innovation Address', *Daily Maverick*, 13 Februarie 2020. Besikbaar by: <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2020-02-11-2020-state-of-innovation-address/>

Of jy nou begin, verbeter, of volstoom vooruit streef, innovering is die kreatiewe krag wat die toekomstige sukses van besighede in ons land aandryf. Dit kan ook help om hele gemeenskappe op te bou.

Regoor die wêreld is regerings aan die voorpunt van pogings om innovering in hulle ekonomieë te meet. Waarom? Want dit is deur samewerking *met* ondernemings en vernuwers dat hulle kan uitwerk watter beleide help of waar verbetering nodig is. Innoveringsdata is noodsaaklik vir 'n meer innoverende Suid-Afrika.

Suid-Afrika se eerste Opname oor Landbousake-innovering, wat die tydperk 2019–2021 dek, sal die innoveringsaktiwiteite in sowat 1 700 landboufirmas ondersoek — van klein tot baie groot en regoor 'n verskeidenheid landbousubsektore. Net soos 'n maatskappy se finansiële state 'n noodsaaklike werktuig vir die monitering en beplanning van prestasie is, sal die Opname oor Landbousake-innovering 'n nasionale prentjie skets oor watter innoverings aan die gang is, hoe dit in firmas plaasvind, en wat gedoen kan word om innoveringskapasiteit in hierdie uiters belangrike sektor te vergroot.

U deelname tel.



Dr. Moses Sithole
Navorsingsdirekteur
Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders

[Foto: S. Khan, HSRC]




Die storie van die Suid-Afrikaanse Opname oor Landbousake-innovering

Doeltreffende beleidsvorming en besluitneming vereis bewyse van hoë gehalte. Die nasionale departement van wetenskap en innovering, as 'n vennoot binne die nasionale statistiekstelsel, het die opdrag om toesig oor die insameling van statistiek oor wetenskap, tegnologie en innovering te hou. Die Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanwysers by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing doen nasionale sake-innoveringsopnames namens dié departement. Die Opname oor Landbousake-innovering sal bewyse vir beleidmaking in hierdie kritieke ekonomiese sektor bydra.

Hierdie opnames is gegrond op die aanbevole metodologie soos uiteengesit in die Oslo-handleiding, 'n internasionale handleiding oor beste praktyk. Opnames vereis 'n groot en toegewyde span veldwerkers, inligtingstegnoloë, data-ontleders en statistici. Ons maak staat op die tyd en energie van ons respondente om akkurate data betyds te voorsien, sodat die uitslae so gou as moontlik vrygestel kan word.

U samewerking tel.



STAND VAN LANDBOU- INNOVERING IN SUID-AFRIKA*

2016



(sluit in boerdery van
gewasse, diere of gemeng)

WAT ONS
BEVIND HET: **62%** van SA
ONDERNEMINGS was




INNOVERINGS-
AKTIEF

FREKWENSIE VAN INNOVERINGS- AKTIWITEIT

Die meeste landbou-
ondernemings het tegnologiese,
organisatoriese of kommersiële
stappe gedoen om 'n
innowering te implementeer.


LANDBOU

Byna twee derdes (64%) van
ondernemings in die landbou subsektor
was **innoweringsaktief**




VISSERYE

Viesserye berig die
hoogste vlakke
van innovering



BOSBOU

Bosbou, 'n volwasse 'lae-tegnologie'
bedryf, het die **minste**
innoweringsaktiwiteit gehad



TOP 5 EFFEKTE VAN INNOVERING OP SAKEDOELWITTE

1

Verbetering
in grond-
vrugbaarheid

2

Vermeerdering
van variëteite
(bv. kultivars)

3

Nuwe
intellektuele
eiendom
ontwikkel

4

Nuwe
markte
berek

5

Verlaagde
eenheids-
produksiekoste

Steun vir innovering in Suid-Afrika*

Die Suid-Afrikaanse regering bied 'n verskeidenheid finansiële en nie-finansiële programme, fondse en aansporings om innovering te bevorder. Dit help firmas van alle groottes om toegang tot diverse hulpbronne te kry om hulle produk- en besigheidsprosesinnovering te ondersteun.

U betrokkenheid tel.

* Soos op Februarie 2022

STEUNMEGANISME GASHEERINSTELLING(S) URL	DOELWITTE VAN STEUNMEGANISME (KORTLIKS)
Akwakultuurontwikkelings- en verbeteringsprogram  https://bit.ly/3HbUF15	'n Terugbetaalbare kostedeeltoekenning vir die koste van masjinerie en toerusting; grootmaat-infrastruktuur; grond of geboue wat besit word; huurverbetering; en mededingendheidsverbeterings-aktiwiteite in mariene- en varswaterondernemings, insluitende visbroeiers en visplase, en die produksie, verwerking en bewaring van akwakultuurvis.
Bedryfsinnoveringondersteuning  https://bit.ly/36riPlh	Die WNNR in samewerking met die Industry Innovation Partnership Fund gee deelnemers toegang tot grootskaalse prototipering en pre-kommersiële vervaardigingsinfrastruktuur, toerusting, kundigheid en toegang tot besigheids- en tegniese netwerke. Navorsings-, ontwikkelings- en innoveringsaktiwiteite wissel van laboratoriumskaal validering tot tegnologie prototipering en loodsvervaardiging. Veld sluit in biovervaardiging, nanomateriale, bioraffinering, mynbou, fotonika en biokatalise.
Beleggings/finansiering vir innovering  https://bit.ly/3saHM3h	Die verkryging van beleggings en die verskaffing van befondsing vir tegnologies innoverende geleenthede en om die kommersialisering en ontginning daarvan aan te dryf.
Europese Suid-Afrikaanse Wetenskap- en Tegnologie-bevorderingsprogram  https://bit.ly/3paYXzF	'n Samewerkende inisiatief tussen Suid-Afrika en die Europese Unie om bande in wetenskap, tegnologie en innovering te versterk. 'n Reeks finansieringsopsies vir projekte word verkry van Suid-Afrika se nasionale departement van wetenskap en innovering en die Europese Kommissie.
Gesondheid Besigheidsektor  https://bit.ly/3LV1QOY	Stimulering en ondersteuning van die ontwikkeling, registrasie, vervaardiging en kommersialisering van produkte en dienste wat die gesondheidsorgbehoefes van die land aanspreek en die plaaslike industrie ondersteun. Dienste sluit in die verkryging van beleggings en die verskaffing van befondsing vir tegnologies innoverende geleenthede.
Global Cleantech Innovation Program (GCIP)  https://bit.ly/3v5OE3B	Deel van 'n wêreldwye inisiatief om skoon tegnologie-innovering te bevorder en entrepreneurs te ondersteun om hul klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) en aanvangsondernemings te laat groei tot lewensvatbare besighede wat gereed is vir belegging. Dienste sluit opleiding, mentorskap en toegang tot kapitaal in.
Innovering vir Inklusiewe Ontwikkeling (IID)  https://bit.ly/3LT9toX	Die IID se Projekbestuurseenheid verskaf toekenningsbefondsing, tegnologie-ontwikkeling, IP-ondersteuning, besigheidsontwikkelingsondersteuning en marktoegangseleenthede vir voetsoolvlak-innoveerders.

STEUNMEGANISME | GASHEERINSTELLING(S) | URL

Jeug Tegnologie Innovering Program

 <https://bit.ly/33KbeUm>

 <https://bit.ly/3LT5Vmx>

Kapitaalprojekte haalbaarheidsprogram

 <https://bit.ly/3p8xTRv>

Khoebo-innoveringbevorderingsprogram

 <https://bit.ly/3M3z9zs>

Klein Ondernemings Finansiële Agentskap (SEFA) Fonds van Fondse

 <https://bit.ly/3vh6ssy>

Klein Ondernemings Ontwikkelingsagentskap (SEDA) Tegnologieprogram (STP) – Inkubasieprogram

 <https://bit.ly/3JJkNIN>

Klein Ondernemings Ontwikkelingsagentskap (Tegnologieprogram (STP) – Kwaliteitstandaarde en Tegnologie-oordragfonds

 <https://bit.ly/35IzhZW>

Kommersialisering Ondersteuningsfonds

 <https://bit.ly/3veVpQZ>

Landbou

 <https://bit.ly/3JRH6pz>

Landbouwerwerkingsondersteuningskema

 <https://bit.ly/3v6ibu8>

DOELWITTE VAN STEUNMEGANISME (KORTLIKS)

Skep en gee toegang tot infrastruktuur, dienste, mentorskap en inkubasie om die ontwikkeling en kommersialisering van tegnologie-ondernemings wat deur jongmense gelei word, te ondersteun. Bystand ook vir innoveerders wat nie aan enige wetenskapraad, hoëronderwysinstelling of klein, medium en mikro-onderneming verbind is nie. Dienste sluit in die ontwikkeling van prototipes by TIA tegnologiestasies en -platforms, IPP, toetsing en produksertifisering, toelae vir die stigting van 'n onderneming, besigheidsafrigting en inkubasiedienste.

Fasiliteer haalbaarheidstudies wat waarskynlik tot hoë-impakprojekte sal lei om waardetoevoegende ekonomiese aktiwiteite te stimuleer, insluitend die versterking van die internasionale mededingendheid van Suid-Afrika se kapitaalgoedere sektor en verwante nywerhede.

Om vroeë stadium innoverende KMMO's in staat te stel om die mark te penetreer met plaaslik ontwikkelde innoverings, wat spesifiek kapitaal- en besigheidsondersteuning bied in die vroeë stadiums van kommersialisering met besondere klem op township- en landelike entrepreneurs, voetsoolvlak-innoveerders en plaaslik ontwikkelde innoverings.

'n Gedeelte van die fonds teiken KMMO's in innoverende sektore, insluitend tegnologie sowel as nuwe en opkomende bedrywe, tipies met plaaslik ontwikkelde IP en tegnologieë met aansienlike potensiaal om uit te brei. Befondsing word hoofsaaklik in die vroeë stadiums van ontwikkeling verskaf, namate KMMO's deur die tegnologiegereedheids- en kommersialiseringstadiums vorder. Dit sal ook gebruik word as 'n katalisator om tweede-ronde befondsing te lok, asook ondersteuning vir industrialisering van grootskaalse navorsings- en ontwikkelingsinisiatiewe. Befondsing sal 'n kombinasie van skuld en aandele wees.

Ondersteun tegnologie- en markvalidering, proses- en produkontwikkeling, kleinskaalse vervaardiging, marktoetreding en markontwikkeling.

Voorsien befondsing om die mededingendheid en volhoubaarheid van klein ondernemings in Suid-Afrika te verbeter deur kwaliteit en uitnemendheid as mededingende instrumente vir KMMO's te bevorder.

Berei innoveerders voor vir opvolgbefondsing deur beperkte ondersteuning vir marktoetsing en validering.

Ondersteuning om landboutegnologie-innoverings te ontwikkel, tegnologieë wat nie in gevaar is nie te kommersialiseer, en die verspreiding van toepaslike landboutegnologie na kleinskaalse en opkomende boere te verbeter.

'n Kostedelings-toekenning om belegging te stimuleer in ondernemings wat fokus op landbou-erwerking en -veredeling (agri-besigheid) en daardeur kapasiteit te verhoog, werk te skep, masjinerie en toerusting te moderniseer, mededingendheid en produktiwiteit te verbeter, en deelname te verbreed.

STEUNMEGANISME | GASHEERINSTELLING(S) | URL

Motorbeleggingskemas

 <https://bit.ly/35kWawU>

DOELWITTE VAN STEUNMEGANISME (KORTLIKS)

Om die motorsektor te laat groei en te ontwikkel deur belegging in nuwe en vervangingsmodelle en komponente om aanlegproduksievolumes te verhoog, indiensneming te onderhou en die motorwaardeketting te versterk. Dit bied ook 'n nie-belasbare kontanttoelaag vir projekte wat navorsing en ontwikkeling insluit.

Navorsings- en

Ontwikkelingsbelastingaansporing

 <https://bit.ly/3haZ365>

Belastingaftrekkings aangebied kragtens artikel 11D van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). Om in aanmerking te kom, moet 'n maatskappy van enige grootte, in enige sektor van die ekonomie, betrokke raak by kwalifiserende navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite in Suid-Afrika. Dit moet deur die minister van wetenskap en innovering goedgekeur word. Teen 'n korporatiewe belastingkoers van 28%, beteken die aansporing 14 sent per Rand wat aan navorsing en ontwikkeling bestee word.

Ondernemingsinkubasieprogram

 <https://bit.ly/3Hbac1g>

Befondsing vir vroeë stadium entiteite om plaaslike markte te voorsien.

Ondersteuningsprogram vir Industriële
Innovering (SPII)

 <https://bit.ly/36rmQMN>

Bied finansiële bystand vir die ontwikkeling van innoverende produkte of prosesse, spesifiek gefokus op die ontwikkelingsfase, wat begin by die voltooiing van basiese navorsing en eindig wanneer 'n voorproduksie-prototipe vervaardig is.

Program vir die groei van klere, tekstiele,
skoene en leer

 <https://bit.ly/3v8pbGQ>

Ondersteuning en befondsing om indiensneming te laat groei, algehele mededingendheid te verbeter en die klere-, tekstiel-, skoen-, leer- en leergoedere-vervaardigingsbedrywe te laat groei.

Program vir innoveringvaardighede

 <https://bit.ly/3leFBkC>

Bied 'n bemagtigende en innoverende omgewing en opleiding om kritiese denkvaardighede te bou deur toegang tot internasionale programme en inisiatiewe. Het ten doel om die vordering van tegnologieë vanaf bewys-van-konsep-stadium tot voorkommersialisering (tegnologiegereedheidsvlak 3–8) te ondersteun.

Saadfonds

 <https://bit.ly/3lgDb56>

Om te help met oorbruggingsfinansiering om navorsingsuitsette te vertaal in befondsbare idees vir kommersialisering (tegnologiegereedheidsvlak 3–8).

Sektorbefondsing deur TIA

 <https://bit.ly/3LSi3o1>

Om belegging te verkry en befondsing te verskaf vir innoverende tegnologie-ontwikkeling en kommersialisering in sleutelareas in spesifieke sektore, insluitend: afvalbestuur, water en mynbou-produkte en -dienste; die energiebedryf (veral hernubare energie, energieberging, verspreide opwekking en waterstofbrandstofselle); IKT-produkte en -dienste; en die gevorderde vervaardigingsbedryf.

Strategiese Vennootskapsprogram (SPP)

 <https://bit.ly/3Ha2YL2>

Ontwikkel en steun programme of ingrypings wat daarop gemik is om die vervaardigings- en diensleweringkapasiteit van verskaffers te verbeter, deur skakels na strategiese vennoot-aanbodkettings, industrieë of sektore.

Suid-Afrikaanse Bioontwerp-inisiatief (SABDI)

 <https://bit.ly/35kXm4>

Ondersteuning vir samewerkende en integrerende navorsingsprojekte wat fokus op funksionele genomika, strukturele biologie, sintetiese biologie en sisteembioogie en projekte met kruisfunksionele toepassing (tegnologiegereedheid vlak 2).

STEUNMEGANISME | GASHEERINSTELLING(S) | URL

Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir die Nywerheid (THRIP)
 <https://bit.ly/3h9UDw6>

Tegnologie-innoveringklusterprogram
 <https://bit.ly/3lsjCHj>

Tegnologie-lokalisering-implementeringseenheid
 <https://bit.ly/3Bj7sqX>

Tegnologie-ontwikkelingsfonds
 <https://bit.ly/3p8wg6y>

Tegnologieplatformprogram (TPP)
 <https://bit.ly/35ip2FM>

Tegnologiestasies-program
 <https://bit.ly/3p79JHf>

Tegnologie-waagkapitaal (TVC)
 <https://bit.ly/33Kb4f1>

Uitvoerbemarking en Beleggingsbystandkema
 <https://bit.ly/3h9keW8>

Vervaardiging Mededingendheid Verbetering Program (MVEP)
 <https://bit.ly/3lejzP9>

Voor-kommersialisering Ondersteuningsfonds
 <https://bit.ly/3JPondV>

WNNR-kontraknavorsing en -ontwikkeling
 <https://bit.ly/3va6ltx>

DOELWITTE VAN STEUNMEGANISME (KORTLIKS)

Die nasionale departement van wetenskap en innovering se vennootskapsprogram wat samewerking tussen nywerheid en akademie en wetenskaprade bevorder, en mededingendheid in Suid-Afrikaanse nywerhede verhoog deur nuwe tegnologie en vaardigheidsgenerering.

Ondersteuning van die skepping van multi-dissiplinêre groeperings langs 'n tegnologie-ontwikkeling waardeketting met belanghebbendes wat verskillende funksies vervul: tegnologie broeikas toegang en ondersteuning, besigheid broeikas toegang en ondersteuning, en toegang tot befondsing.

Verhoog die vermoëns van plaaslike vervaardigingsmaatskappye sodat hulle 'n deel van herkapitaliseringsbeleggings kan verdien en uiteindelik uitvoermarkte kan betree as mededingende verskaffers in oorspronklike toerustingvervaardigers (OEM) globale voorsieningskettings.

Ondersteun die ontwikkeling van tegnologieë vanaf bewys-van-konsep wat lei tot produkprototipe en uiteindelik demonstrasie in 'n bedryfsongewing (tegnologiegereedheidsvlak 4–7).

Die skep en bemagtiging van toegang tot lewenswetenskaplike infrastruktuur en dienste, ondersteuning van ontwikkeling en kommersialisering van lewenswetenskaplike navorsingsprojekte, produkte en dienste, en versnel die kommersialisering en opname van platformnavorsingsprojekte en -tegnologie (tegnologiegereedheidsvlak 3–7).

'n Netwerk van 18 sentrums met moderne toerusting en kundiges in gespesialiseerde velde geleë by universiteite van tegnologie om wetenskap-, ingenieurs- en tegnologiedienste aan KMMO's en entrepreneurs te verskaf vir produkontwikkeling, produkverbetering, prototipe-ontwikkeling en 'n reeks ander ingenieursdienste.

Die verskaffing van besigheidsondersteuning en saadkapitaal vir die kommersialisering van innoverende produkte, prosesse en tegnologieë

Ondersteuning van die ontwikkeling van uitvoermarkte vir Suid-Afrikaanse produkte en dienste en die werwing van nuwe direkte buitelandse beleggings in die land, insluitend die verbetering van maatskappye se mededingendheid deur patentregistrasies, kwaliteitsmerke en produkmerke te ondersteun.

Lenings aan vervaardigingsmaatskappye om hul mededingendheid te stimuleer en werkbehoud in die sektor te verseker.

Om voorkommersialiseringsaktiwiteite te ondersteun, bv. marktoetsing en validering van die tegnologie in die potensiële klantomgewing, asook oorbruggingsfinansiering



Help besighede en organisasies om innoverende oplossings te lewer, in velde wat rekenaar- en inligtingwetenskap, chemiese wetenskappe, biologiese en omgewingswetenskappe, ingenieurswese, nanotegnologie en lugvaartkunde, sowel as mediese en gesondheidswetenskappe en landbou insluit.

Opnamebestuurspan

Die Opname oor Landbousake-innovering 2019–2021 word gedoen deur 'n span spesialisnavorsers en -bestuurders met hulle basis in die Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Met die steun van toegewyde navorsingsassistentente, is die opnamespan daaraan toegewy om seker te maak dat elke respondent se invul van die opname glad en doeltreffend geskied. Hetsy per telefoon, e-pos of tweet, ons wil van u hoor – en ons sal ons bes doen om so gou as moontlik aandag aan u vraag of opmerking te skenk.

U terugvoer tel.

[Fotos: S. Khan, HSRC]



KONTAK ONS

✉ E-POS:
innovation@hsrc.ac.za

🌐 WEBWERF:
sabizinnovationsurvey.blog

Volg ons op Twitter

🐦 @BizInnovationSA